

Weens die skoolvakansie, sal die Nuuskrummels weer 6 Mei uitgestuur word.



LIFELINE KARWAS!

Kom was jou motor!
Spog met 'n blink-skoon kar!

Lifeline Jeug het 'n karwas-aksie!
Kom was jou motor vir slegs R25

Saterdag 08 Mei tussen 09:00 en 13:00.

Bespreek by Attie 0794422230



KINDERKERK

PANNEKOEK R6

KINDERKERK / PANNEKOEKPROJEK - Ons wil net weer baie dankie sê vir al die pannekoek bydraes, bestellings, skenkings en ondersteuning. Dit is 'n wonderlike begin. Ons volgende pannekoek dag is Sondag 30 Mei.

Hoe werk dit?:

- *Besluit hoeveel pannekoeke jy wil bestel.*
- *R6 per pannekoek*
- *Betaal die bedrag oor per EFT voor Donderdag 27 Mei vir afhaal op Sondag 30 Mei, direk na kerk.*
- *Bank info: Lourensrivier Gemeente. ABSA (Strand). Takkode: 334312. Rek.nr: 420580231*
- *Stuur jou bestelling, (naam en hoeveelheid) na 0825605283...of*
- *Bestel en betaal in die kerkkantoor, weksdae: 09:00-14:00 (021-8535991)*
- *Afsnydatum vir bestellings is Donderdag 27 Mei 14:00*
- *Kom kry jou bestelling direk na die erediens, Sondag 30 Mei.*
- *Ons gaan elke maand pannekoek verkoop....hou die spasie dop vir die datums.*

BERG- en- SEEKLUB vir SENIOR BURGERS - BYEENKOMS: Do 6 Mei 2021

TYD: 9:30 vir 10:00; PLEK: NG MOEDERGEMEENTE SOMERSET-WES, Andries Pretoriusstraat

Don Wessels, 'n oorlewende van die Grensoorlog is die spreker. Hy het tydens 'n bomontploffing sy sig en albei sy hande verloor. Hy is 'n besondere mens met 'n besondere boodskap. Die titel van sy praatjie is: "Die jakkalsies in die wingerd". 'n Bekende sangeres in die Helderbergkom, **Myrtle du Toit**, (begelei deur Mercia Theron) tree op terwyl **ds. Frikkie van Niekerk** die Skriflesing en gebed waarneem.

Almal is hartlik welkom. Toegang slegs R10 Sappies word agterna bedien

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

- **250 mense word nou tydens eredienste toegelaat en weens dié aanpassing sal die laaste video-boodskap Vrydag 2 April op sosiale media beskikbaar wees. Sodra die getalle weer verminder word na 100 of 50 mense, sal ds. Petrie weer begin met aanlyn geestelike Sondae video-boodskappe.**
- Aansoeke vir uitstallings vir die Feesmark is nou oop. Vorms is beskikbaar op die webblad en op die kerk se Feesmark Facebook-blad.
- Sondag 25 April Erediens – ds. Petrie de Villiers
- Koekies (R20) en beskuit (R40) nou in die kerkkantoor beskikbaar!
- Druiwekonfynt (Hanepoot) nou in die kerkkantoor beskikbaar! (R40/R50)
- Kantoor gesluit Maandag 26 April
- Dinsdag 27 April – Vryheidsdag
- Baie welkom aan ons nuwe lidmate, Alan en Marie Truter.

VOORBIDDING:

- ♥ Ds. Petrie vir sy boodskap.
- ♥ Apolonia Maritz wat tuis aansterk na 'n operasie.
- ♥ Sybrand Vermeulen - tans weer in hospitaal
- ♥ Vir elke persoon wat siek is, in die hospitaal is en die wat tuis aansterk!

As ons vir jou, jou familie of vriende kan bid, stuur asseblief 'n boodskap met jou gebedsverzoek na 0825605283 of stuur 'n epos na admin@louensrivier.co.za.

Jy kan jou naam bysit, of anoniem bly.

Bv. Bid asb. vir ... vir die werksonderhoud Vrydag. Of Bid vir ... wat in die hospitaal is (ens)

Program vir die week

SONDAG 25 APRIL

09:00: Erediens. Ds. Petrie de Villiers. 250 mense toegelaat. Geen video-boodskap.

Skoolvakansie

SONDAG 02 MEI

09:00: Erediens. Ds. Petrie de Villiers. 250 mense toegelaat. Geen video-boodskap.

DANKOFFER EN BYDRAES

Jy kan ook jou dankoffer en bydraes vir die gemeente deur die **ZAPPER selfoon toepassing gee.**

Vir meer inligting of navrae:
Charlene @ 021 853 5991



Louensrivier Gemeente
ABSA (Strand)
Takkode: 334-312
Reknr. 420 580 231
Betalingbewys asb. aan: fin@louensrivier.co.za

BID: Decoligny (2021-04-14)

BID:

- As gevolg van Covid kon die gemeente nie gedurende 2020 die Paasfees konferensie hou nie. Dit was vir die gemeente baie moeilik om te verwerk. Toe die kerke nou weer meer mense kon toelaat by byeenkomste, is hard gewerk om die reëlings te tref vir die 2021 Paasfees Konferensie. Die kerkgebou op Decoligny is nog nie herstel nie en die water toevoer is afgesny as gevolg van 'n dispuut oor die agterstallige rekening. Dit het veroorsaak dat die byeenkoms in die saal van Efata gehou is. Ongeveer 120 lidmate het die konferensie bygewoon. Bid dat die nuwe lewe wat Jesus vir ons kom gee het, 'n realiteit sal wees vir elke lidmaat te midde van die Covid krisis. Bid saam dat die lidmate weer die hoop wat God kom gee het, sal beleef.
- Die finansies van die gemeente het drasties verminder, terwyl die uitgawes vreeslik verhoog het. Bid dat, nou dat die lidmate weer dienste kan bywoon en dinge begin normaliseer, elke lidmaat weer hul bydraes sal gee.
- Bid dat die gemeente en die kerk in die algemeen, haar roeping in hierdie tyd sal besef. Bid dat elke lidmaat sy roeping om 'n dissipel te wees, volgens Jesus se opdrag, sal besef en sal uitleef in hierdie "vreemde tyd van Covid."

INLIGTING:

- Die situasie op Decoligny raak by die dag erger. Meer en meer mense bou huise op die grond; daar word onbeheerst gruis gemyn onderkant die kerkgebou. Die swaar vragmotors en masjinerie vertrap die pad. Diefstal by die huise is buite beheer. Die elektriese heining werk lankal nie meer nie en is op plekke afgesteel. Dit is hartseer om hierdie inligting te hoor.
- 2020 was 'n slegte jaar vir Sam se studies. Soos talle ander studente wat afstand onderrig ontvang, kon hy ook nie van sy take betyds inhandig nie. Daarom sal hy vanjaar weer vir sekere komponente van sy studiejaar moet registreer.

DANK:

- Ons dank die Here dat die gemeentes weer bymekaar kan kom vir eredienste.
- Ons is dankbaar dat dit goed gaan by Sinethemba. Die personeel en kinders is almal gesond en gelukkig, nie een van hulle het nog siek geword van Covid nie. Hul groot probleem (soos op talle ander plekke) is dat die Covid pandemie veroorsaak het dat talle mense hul werke verloor het en dat die ouers nie hul bydraes vir die kinders kan bybring nie. Hulle gaan nog aan met hul tuin waar hulle self groente verbou, hul vark- en hoender boerdery gaan aan en hulle is dankbaar dat dit nog nie so erg droog is by hulle nie.

(Inligting voorsien deur Sam Dandala (Decoligny) en Felicia Twantwa (Sinethemba))

Groete in Jesus Christus

Willem Botes
083 658 2154

wgpotes@gmail.com

Ondersteun ons borge / Ondersteun plaaslik

KYURITE 065 816 9617
HEARING CARE
 • Superior hearing
 • Minimal wait times • Easy parking access
 • Hearing Tests • Hearing aids • Batteries
 • Repair / maintenance • Hearing protection
 • Counselling on reports and new hearing aids
 ...and professional audiology services
 Joubert House Centre, Broadview Blvd & De Roma Street, Strand, Strand



bp helderberg

 BROADWAY 87
 STRAND
021 854 7200

FIRE UP

 • BRAAI AND KAGGEL WOOD
 • GARDEN REFUSE / RUBBLE REMOVAL
 Andre 076 019 8278
WE DELIVER

Your Property Consultant
 Renette Oosthuizen
 021 82 872 720
 renette.oosthuizen@harcourts.co.za
Harcourts Platinum



JN POOLS

 JEAN NAUDE: 082 559 4285
 • Hangloos Buiting • Care Doring
 • Pool installasies • Pool Repareer
 • Water Saving • Plooiing
 info@jnpools.co.za www.jnpools.co.za



FTH ACCOUNTANTS

 Floris Ter Haar
 Professional Accountant (SA)
 Tel: 021 853 4398
 Cell: 082 741 7878
 Fax: 082 021 854 5741
 E-mail: floris@fth.co.za
 20 Convent Street
 Strand, 7140
 Bayport Harbour

HBP
 HELDERBERG BUILD & PAINT
STUART JACKSON
 082 872 6830 info@hbpconstruction.co.za
 www.hbpconstruction.co.za

SASOL

 Willie Strydom
 Trustee & Franchisee
 Sasol Somerset West Trust
 20 Bux 1520, Strand, 7140, South Africa
 Tel: +27(0)21 812 2838
 Fax: +27(0)21 812 2819
 Cell: +27(0)78 818 2153
 willie.strydom@sasolmail.co.za

MSA
 MARIUS STENEKAMP
 ACCOUNTANT
 Unit 2, Little Green
 George St, Strand
 P.O. Box 1178, Strand, 7139
 Tel: 021 837 1235/6
 Fax: 086 274 2860
 Cell: 084 448 4429
 marius@stenekamp.co.za
 www.stenekamp.co.za

Dr Wimpie Basson
 B.Sc.D. (Dent) • F.D.S. (Dent)
Helderberg Dentists
 T 021 853 7301 F 021 854 4347 C 083 429 1472
 E drbasson@afnca.com www.helderbergdentists.co.za
 Hoofweg 115 Main Road, Strand
 PO Box 422, Strand 7139

Jou finansiële toekomst
 • Graadskoolopleiding • Pensioen oëkking
 • Beroepsopleiding • Versoeking na afwag
 • Beroepsopleiding • Beroepsopleiding
 Deonotaris, Mr. J. J. van der Merwe, F.C. Dreyer
 Willie Fagan
 Senior Financial Planner
 021 853 0179 / 082 460 1046
 adrian@arcari.co.za
 Arcari



STRAND KWIKSPAR

 Shopping Centre, 2nd Broadway & De Gama
 Strand, 7140
 T: 021 853 2096
 F: 021 853 7674
 E: strandkwikspar@fsh.co.za
 www.kwikspar.co.za

Flamers
 CHICKEN GRILL
 021 854 7774


Methe Planner
 Mrs. Marie du Toit
 0720400614
 082 853 0179 / 082 460 1046
 www.metheplanner.co.za
 South Africa
 @metheplanner



NAILIT

 • Painting
 • Tiling
 • Roof repairs
 • Bathrooms
 QUALITY WORKMANSHIP
 Pierre Oosthuizen
 072 929 4373
 HANDYMAN SERVICES

29 MEI 2021
KERSMARKTE
KEURING SLUITINGSdatum
vir Uitstallers

 11 Markte
 Uitstallers moet self onderskeie markte van hul keuse (sien epos adres) kontak om meer inligting en om 'n aansoekvorm.

CALEDON KERSMARK 1 Nov – 6 Nov, 2021 Chrisna Delpart cd@gaf1.co.za	GANSBAAI KERSMARK 6 Des – 22 Des 2021 Yvonne Roux gansbaai.kersmark@gmail.com
CRAFT EXPO @ LANGEBAAN 24 Des 2021 – 8 Jan 2022 Barbra & Albie craftexpo.lbn@gmail.com	SON & SEE FEESMARK HERMANUS 13 Des 2021 – 8 Jan 2022 Mariet Basson kerkkanloor@ngkerkhermanus.co.za
DISAKLOOF GIFT MARKET BETTY'S BAY 15 Des 2021 - 1 Jan 2022 Elize Boucher disakloofgiftmarket@gmail.com	PAARL FEESMARK 22 Nov - 4 Des 2021 Margie Du Plessis paarlfeesmark@gmail.com
KLEINMOND KERSMARK 11 Des – 24 Des 2021 Anna-Marie Du Preez adupreez0@gmail.com	KERSMARK MET LIEFDE - VILLIERSDORP 24 Nov – 28 Nov 2021 Helmarie van der Marwe info@metheplanner.co.za
LOURENSRIVIER STRAND FEESMARK 22 Okt – 6 Nov 2021 Annalie Möller lourensriverfeesmark@gmail.com	WESKUS KERSMARK 14 Des – 23 Des 2021 Anna Brand weskusmark@akkerdykkerk.co.za
Navrae 072 269 6592	WORCESTER-OOS KERSMARK 18 Nov – 4 Des 2021 Elizette Du Toit kersmark@ngkworcoos.org.za

LifeLine Jeug: Fondsinsameling

As leiers span is ons baie opgewonde om die fondsinsameling te laat plaasvind op die 8ste Mei, 2021. Ons het met die bemarking begin op die 20ste April, 2021.

Die fondsinsameling is 'n kar was, wat plaasvind in Lourensrivier Gemeente se parkeer terrein. Ons gaan gebruik maak van die parkeerarea voor die kerkkantoor. Dit maak die hele proses meer geriefliker vir ons sowel as die ouers en besoekers wat hulle karre bring.

Voor die kerkkantoor sal daar 'n tafel wees waar al die betalings gaan plaasvind. Ons het toestemming gekry om die Yoco® -kaart masjien te leen. Dit laat die mense toe om of kontant te betaal, of met die kaart. Om die proses nog makliker te maak sal daar ook die opsie gegee word om vooraf 'n EFT-betaling te maak.

Daar sal drie groepe wees, wat elkeen sy eie stasie gaan beman. Soos bo genoem sal daar voor die kerkkantoor 'n tafel wees waar al die betalings gemaak word. Dan beweeg die voertuie aan na die was stasie toe, wat reg oor die ou moederskamer geleë is. Hier sal die tweede groep die voertuie met water af spuit. Die voertuig word dan gewas deur die derde groep, en laastens word die voertuie weer afgespuit. Die proses sal 3-5 minute neem, per voertuig (twee voertuie word op 'n slag gedoen).

Die kragpunt wat gebruik gaan word kom uit die ou moederskamer uit. Ons gaan die kraan by die wasbak van die vertrek ook gebruik. Sodoende hoef ons nie 'n lang tuinslang te koop of te huur nie.

Die seep is klaar geskenk aan die Jeug. Al ander koste verbond aan die fondsinsameling is die waterverbruik. Die koste van water beloop R96,00 (600 liter water per uur teen 4c per liter).

